menlo-insig

Insig 13 /2026– 22 April 2026

## KUNS IS AANSTEEKLIK: DRA DIT OOR!

De Gallerij-kunsateljee by Pierneef's Kraal speel tot 4 Mei gasheer vir die kunswerke van die skool se talentvolle kunstenaars. Almal is welkom om daagliks, tussen 08:00 en 16:00, 'n draai te maak om hulle in die skoonheid van die kunswerke te verkneukel.



### TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL

### JEREMIA 17:7–8

Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Sluitkassies vir selfone

- Daar is 90 selfoonsluitkassies beskikbaar vir leerders wat hulle selfone gedurende die dag wil toesluit.
- Die koste beloop R300 vir die res van 2026.
- Leerders wat graag selfoonsluitkassies wil huur, bespreek en betaal dit by me. Nicolene van Eyk (algemene kantoor).
- Navrae kan aan me. Van Eyk gerig word by nicolene.vaneyk@menlopark.co.za.

## Voorkoms

Ouers word versoek om seker te maak dat Parkies se voorkoms volgens die skoolreëls is wanneer hulle die huis soggens verlaat. Verwys gerus na die Werkplan indien daar enige onsekerheid is.

## Openbare vakansiedae: 27 April & 1 Mei

28, 29 en 30 April is gewone skooldae. Assesserings en buitekurrikulêre aktiwiteite gaan voort soos wat dit in die Werkplan geskeduleer is.

## Siektetoetse

- Assesserings wat op 'n Maandag, Dinsdag of Woensdag as gevolg van siekte mis-geloop word, word die daaropvolgende Maandag afgelê.
- Assesserings wat op 'n Donderdag of Vrydag as gevolg van siekte misgeloop word, word die daaropvolgende Woensdag afgelê.
- **Siektetoetse word voor skool afgelê.**
- Leerders mag slegs 'n siektetoets aflê indien 'n doktersbrief ontvang is. Doktersbriewe word per e-pos aan vakonderwysers en klasvoogde gestuur. Personeel se kontakbesonderhede is op die webblad beskikbaar.

## Eksamenrooster

Die eksamenrooster en alle reëlings met betrekking tot die eksamen sal binnekort op Ed-admin beskikbaar wees.

Graad 10 — 12: Eksamen begin op Maandag, 18 Mei 2026.

Graad 8 & 9: Eksamen begin op Dinsdag, 26 Mei 2026.

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Woensdae

Ouers word daaraan herinner dat senior leerders (gr. 10 — 12) vroeër verdaag indien hulle nie toets skryf nie. Die toetsrooster is op Ed-admin beskikbaar.

## Selfoonbeleid

Die selfoonbeleid is op Ed-admin beskikbaar.

## Ed-admin

Die kode vir Ed-admin is 599649.

Stelseladministrateur: Mnr. Andrew Mc Geer (andrew.mcgeer@menlopark.co.za).

## Reünies

| | | |
|---|---|---|
| **22 Mei** | 10 jaar | 2016 |
| **7 Augustus** | 30 jaar | 1996 |
| **21 Augustus** | 40 jaar | 1986 |
| **18 September** | Groepreünie: 1971, 1981, 1983, 1991, 2001, 2011 & 2021. | |

## Menlo-ouers wat omgee

Menlo-ma's wat bid
Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer. Kontak: 082 579 4968.

Menlo-pa's wat bid (Watchmen)
Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis. Kontak: 082 457 6526.

## Ekstra klasse: Wiskunde en Wetenskap

Die rooster is op Ed-admin beskikbaar.
Documents—Parents—Akademie—Ekstra klasse.

## Versoek van die mediasentrum

Skenk gerus enige boeke wat nie meer gelees word nie aan die mediasentrum.

Navrae: Me. Stella Visser (stella.visser@menlopark.co.za)

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE



## Menlo-belde beskikbaar

Pragtige Menlo-belde is by Constantia Uitrusters te koop.

Maak gerus 'n draai.

## Brokkies Menlo-geskiedenis

Vyf Parkies het 'n merk-waardige uitdaging in Augustus 1976 aangepak toe hulle die lang tog van Pretoria na Kaapstad per fiets aangedurf het.

Die groep het daarin geslaag om R7 000 in te samel om aan die destydse Suiderkruisfonds te skenk.



## Afrikaans 101: Het jy geweet?


**BYWOORD + TOE = EEN WOORD**

Wanneer 'n bywoord saam met "toe" gebruik word, word dit vas geskryf.

Voorbeelde: agtertoe, vorentoe, boontoe, soontoe en buitentoe.

(Bron: VIVA-taalwenk)



# AMFI-HOOGTEPUNTE





Die Gideons het vandeesweek besoek op Menlo-bodem afgelê om 'n Bybel aan elke graad 8 te oorhandig. Dit is 'n tradisie wat al vir langer as twee dekades voortduur.



Die Fairtree Sportfees vind van 25 - 27 April op Menlo-bodem plaas en alle Parkies word uitgenooi om die gebeurtenis te ondersteun. Die wedstryd tussen die Vrieskashonde (gr. 11) en Yskaswolwe (gr. 12) sal as aptytwekker vir die Sportfees dien. Die Honde en Wolwe pak mekaar op Vrydag, 24 April om 16:30.

Die eerstespanne se ligadrag is aan hulle oorhandig. Hierdie belangrike taak is oudergewoonte deur die o. 14A-spanne van elke wintersportsoort uitgevoer.







# ALGEMEEN

## MENLO IS TIEN DAE SELFOONVRY

Die skool het vandeesweek die tiende dag as 'n selfoonvrye sone gevier. Baie dankie aan elke Menlo-ouer en Parkie wat moeiteloos by hierdie verandering aanpas.









# AKADEMIE

## TOP-20-PRESTEERDERS AANGEKONDIG

**Graad 8** 20. Elzette Beetge, 19. Leia Mentz, 18. Emilia Bester, 17. Mignon Meyer, 16. Olivia Brits, 15. Miané Schoeman, 14. Daniël Schreuder, 13. Inge Jansen, 12. Kara-Mari Matthee, 11. Carla Erasmus, 10. Bernard Theron, 9. Alexie Grobler, 8. Andria Venter, 7. Courtney Pike, 6. Emke Pieterse, 5. Lia de Klerk, 4. Milan Minnaar, 3. Xander de Lange, 2. Hein van Brummelen, 1. Inge Schoeman (95%).

**Graad 9** 20. Lané Steyn, 19. Milan Breet, 18. Anabelle McIntyre, 17. Liam Coertzen, 16. Anne-Marie Brink, 15. Georgia Fitzroy, 14. Clara Blignaut, 13. Nelita de Bruin, 12. Emily de Jager, 11. Lara Hofmeyr, 10. Regina Nel, 9. Abigail Prinsloo, 8. Jacques van Heerden, 7. Gabrielle Mokrane, 6. Lené Meiring, 5. Jacques Groenewald, 4. Christiaan Koekemoer, 3. Liam Senekal, 2. Keilah Visser, 1. Lana Swanepoel (93,46%).

**Graad 10** 20. Shané Koekemoer, 19. Mari Coetzee, 18. Leila du Plessis, 17. Oliver Pretorius, 16. Leah de Witt, 15. Christiaan Matthee, 14. Danelle Niemandt, 12. Libby Pienaar, 11. Clarisé van Niekerk, 10. Raine Smit, 9. Reinhard Langenhoven, 8. Vené Eloff, 7. Leané Gerber, 6. Ava van der Linde, 5. Janelle Kirkpatrick, 4. Bernhard Bohmer, 3. Divan Heyl, 2. Heinrich Coertze, 1. Zea de Villiers (95,43%).

**Graad 11** 20. Gia Marais, 19. Ethan Steenkamp, 18. Kendra van Dijk, 17. Selie de Villiers, 16. Shimei Visser, 15. Stehan Serfontein, 14. Nicole Enslin, 13. Daniel Slabbert, 12. Simoné Spies, 11. Alexi Olivier, 10. Liané van Sittert, 9. Annika Bohmer, 8. Liané de Wet, 7. Talia Jonker, 6. Milan Visser, 5. Ockert Blom, 4. Rynhardt Buys, 3. Adri de Beer, 2. Markus de Jager, 1. Gisele Geldenhuys (96,86%).

**Graad 12** 20. Hesten Roetz, 19. Milé Swanepoel, 18. Enya Pretorius, 17. Inge Higgins, 16. Danielle Kohlmeyer, 15. Ciana Kruger, 14. Liam de Koning, 13. Marco Visser, 12. Tayla Botha, 11. Lente Swanepoel, 10. Corlise Potgieter, 9. Xander Smith, 8. Nicholas Pretorius, 7. Le Roux van Wyk, 6. Rian Knoesen, 5. Clara Serfontein, 4. Livvy Pienaar, 3. Luan Visser, 2. Luka Smit, 1. Erik Senekal (97,49%).



# KOOR

## TRES SCHOLARUM: MUSIKALE GENOT IN TRIPLIKAAT

Die Tres Scholarum-koorfees was vanjaar weereens een van die hoogtepunte op die koor-kalender.

Hoërskool Garsfontein het as gasheer vir die kore en orkeste van Die Hoërskool Menlopark en Hoërskool Waterkloof opgetree en saam het die drie skole vir vermaak uit die boonste rakke gesorg.











# KOSHUISKASKENADES

## MENLO-KOSHUIS *VIBREER* VAN GEES

Die koshuis het 'n splinternuwe kompetisie geloods. Die Insig se informante kon ongelukkig nie daarin slaag om uit te vind wat die kompetisie behels nie. Daar het wel 'n paar foto's op die lappe gekom en dit is duidelik dat daar nie 'n tekort aan gees in die koshuis is nie.

Baie geluk aan Logan Rhoode (gr. 9) wat as die eerste #KoshuisKaptein aangewys is en nou met 'n splinternuwe Springboktrui spog.








# ATLETIEK

## ASA SA SENIOR KAMPIOENSKAP







Nege Menloparkers het vanjaar aan ASA se nasionale senior atletiekkampioenskap deelgeneem en hulle staal teen die hardebaarde van Suid-Afrikaanse atletiek gewys.

Baie geluk met uitstekende prestasies.

**Goud**

| | |
|---|---|
| Llewellyn v Heerden | 4 x 400 m–gemengde aflos |

**Brons**

| | |
|---|---|
| Megan Nieman | 100 m-hekkies |
| Karla Bouwer | 4 x 400 m |
| Ruvé vd Ende | 4 x 400 m–gemengde aflos |
| Michael Shanzi | 4 x 400 m–gemengde aflos |

**Vyfde plekke**

| | |
|---|---|
| Megan Nieman | 400 m-hekkies |
| Taelyn Smith | Hoogspring |
| Joshua Gerber | Diskus |

**Sesde plek**

| | |
|---|---|
| Karla Bouwer | 400 m-hekkies |

**Agste plek**


| | |
|---|---|
| Chris Swanepoel | Hamergooi |

**Negende plek**

| | |
|---|---|
| Leon Stolz | 3 000 m-hindernis |










# NWU-SKOLEREEKS

## UITSLAE: DOGTERSHOKKIE & RUGBY





**Dogtershokkie**

| | |
|---|---|
| O. 14A | 1ste |
| O. 14B | 1ste |
| O. 15A | 1ste |
| O. 15B | 2de |
| O. 16A | 1ste |
| O. 16B | 2de |
| 1stes | 1ste |
| 2des | 1ste |









**Rugby**

| | |
|---|---|
| O. 14A | 5de |
| O. 14B | 3de |
| O. 15A | 4de |
| O. 15B | 3de |
| O. 16A | 2de |
| O. 16B | 2de |
| 1stes | 2de |
| 2des | 1ste |













# NWU-SKOLEREEKS

## UITSLAE: NETBAL & SEUNSHOKKIE





**Netbal**

Die naweek se reënbuie het 'n stokkie voor die wedstryde gesteek en geen finaal kon plaasvind nie. Die plekke wat hier onder aangedui word (netbal), word gedeel.









| | |
|---|---|
| O. 14B | 1ste |
| O. 15A | 1ste |
| O. 16A | 3de |
| O. 16B | 1ste |
| O. 17A | 1ste |
| O. 17B | 1ste |
| 1stes | 1ste |
| 2des | 1ste |

**Seunshokkie**









| | |
|---|---|
| O. 14A | 2de |
| O. 14B | 4de |
| O. 16A | 3de |
| O. 16B | 1ste |
| 1stes | 2de |
| 2des | 1ste |

# MUURBAL







## UITSLAE: ST STITHIANS COLLEGE SPORTFEST

Seunspan — Wen 3 uit 4 wedstryde.

Dogterspan — Wen 5 uit 5 wedstryde.

Menlo wen die prys vir die span met die beste gees.


Seuns — Joseph Myers, Dewald de Graaf, Conrad Ehlers, Emile Erasmus, Mynhardt Ackerman & Ruben de Graaf.

Dogters — Mia Kieser, Leila Retief, Arebell van Eck, Anien Coetzee, Anke Synman & Carli Schutte.

## UITSLAE: GROWTHPOINT REGIONALS

Baie geluk aan Emile Erasmus (o. 15) en Riaan Agenbacht (o. 19) wat aan die nasionale streekskompetisie deelgeneem het. Riaan het die toernooi in die tweede plek afgesluit en Emile in die eerste plek. Emile kwalifiseer met hierdie prestasie om aan die SA's deel te neem.

Knap gedaan!





# TENNIS

## ABSOLUT MENLO-LAERSKOLETOERNOOI












Spelers van sewe laerskole het sake op Menlo se blou bane uitgespook. Dit was 'n voorreg om die talentvolle laerskoolspelers in aksie te beleef.

**Deelnemende laerskole**

Laerskool Lynnwood, Laerskool Menlopark, Laerskool Elarduspark, Laerskool Tygerpoort, Laerskool Hennopspark, Laerskool Pietersburg-Oos & Laerskool Kanonkop.

# ROLBAL

## MENLO-ROLBAL SKOP AF

Die skool se rolbalklub by PHSOB het verlede week amptelik geopen en bestaan reeds uit 51 lede! Die spelers is deur provinsiale spelers en afrigters touwys gemaak en ons sien daarna uit om te sien watter hoogtes ons rolbalspelers gaan bereik.

Navrae: Mnr. Louwie Viljoen (louwie.viljoen@menlopark.co.za)









# MENLO DOEN NIKS HALF NIE!




# PARKIE-ENTREPRENEURS












# MARKPLEIN









## WIL U IN DIE MENLO-INSIG ADVERTEER?

Stuur 'n e-pos na

insig@menlopark.co.za

**Beskikbare opsies**

Handelsnaamadvertensies

Geborgde inhoud

Borg 'n Insig